



BEES-BULLETIN

DIT GAAN OOR MEER AS NET KOEITJIES EN KALFIES

Maart 2026

Die beesbedryf is onder 'n kombers van geheimhouding gehul. Daar is opvallend min sosiale media kennisgewings oor naderende veilings. Daar is wel die agent van die week/maandveiling wat “cash strapped”-boere uitlok om diere te bring vir “goeie” pryse, se listige uitnodiging. Om die risiko te loop om daar met diere in kontak te kom wat “letsels” wys, wat nie deur die sogenaamde inspekteur opgemerk is nie, wat weggewys word. Die verspreidingsiklus is aan die gang. Wat doen die weggewysde potensiele verkoper? Hy ry op pad terug sommer gou by die koöperasie aan, met die klompie beeste, om sy sake te doen en lekker te gesels!

Die een buurman het wel 'n bees wat nie 'lekker' lyk nie – het seker 'n tak of 'n ding gevreet wat die bek stukkend gemaak het. Gaan dit nie rapporteer nie, dan “maak hulle my toe”. Met die entstof wat stadigaan die land binnekom (niemand weet presies hoe die verspreiding bepaal word nie) moet die denke verander.

As 'hulle' weet, word dit nie 'n prioriteit om die omliggende plase se diere te immuniseer nie? As ek die eienaar is van die een naasliggende plaas en ek ken die staatsveearts... Volg ek vir Gert-buurman langs my, of sal logiese denke my eie diere eerder die voordeel gee? Wie sal tog met sekerheid kan sê?

Die veranderende regulasies, soos gepubliseer op 25 Februarie 2026, skep ruimte vir veranderde denke. 90 Dae is die afsnypunt, na

entstoftoediening aan diere wat identifiseer is, deur wie ookal. (Hopelik) As die klomp narre wat voor die Madlanga-kommissie verskyn se modus operandi gevolg word, is dit bloot 'n kwessie van 'n paar rooibokke, 'n groot bottel Blue Label (ja, nie Black Label nie), en die bloulig brigade lewer die entstof by jou huis af! Met belastinggeld wat deur iemand anders betaal word.

Help dit om die regte mense te 'ken'? Miskien tog. Is dit nie dan tog veilig om veiling te hou nie? Daar verloop genoeg tyd (90 dae), die denkwysie is anders, daar is hoop en positiewe verwagtinge. Is daar 'n keurdersamekoms hierdie jaar? Dit is voorlopig uitgestel. Wat van die Nasionale Veiling? Later in 2026, of eers in 2027, wanneer die DBTG 80 jaar oud is? Met die Drakensbergerbees, wat duidelik vinniger herstel van die virusaantasting as heelwat wollerige ander rasse.

Met die pas afgelope raadsvergadering, was die kameraderie en ondersteuning vir en onder mekaar duidelik. Ook die trots in die Drakensberger. Die goue draad is die fantastiese bees waarmee ons toe vertrou is, wat sterk na vore tree en wat luidkeels bemark moet word. Eerstens deur trotse eienaars en tweedens deur 'n bemarkingskomitee wat uitstekende werk doen.

Dankie aan elke iemand, beste wense en mooi loop.

J F

**Met dank aan
Patrysvlug, ons
Maart-borg**

Inhoudsopgawe

Brief van die President	1
Borg: Patrysvlug	2
Nuusbrokkies	3 & 4
Gesels met Pierre Uys	5 & 6
Die effek van hittestres op ses beesrasse in die Zastron-distrik	7-10
Boer vooruit	11
Voerkraalnommers	12 & 13
Borge	14
Stoettelers	15 & 16



PATRYSVLUG
DRAKENBERGERS

✉ patrysvlugtkantoor@gmail.com

Nuusbrokkies

Verjaarsdae

Baie geluk aan almal wat in Maart verjaar:

- 6 Maart MJ van Vreden
- 11 Maart Dr Sampie Smith
- 14 Maart Hendrik Hancke
- 17 Maart Werner Krynauw
- 22 Maart Carel Nel
- 27 Maart Christo Nel

Deel asseblief jou nuus met ons!

Stuur 'n e-pos na die kantoor:
drakensberger@studbook.co.za of
WhatsApp +27 71 283 9943

KUIER SAAM OP ONS
Sosiale media



<https://www.facebook.com/DrakensbergerSA>



<https://www.instagram.com/drakensbergersa/>

Baie geluk

Baie geluk aan **Freddie Wasserfall** met die toekenning van ARC se Nasionale beste Elite Koeitoekenning aan **LL 11 0032**.

Age: 14 Age first calving (months): 24

Avg Weaning Index: 106

Number of calves: 11 Avg. ICP (days): 366
EBVs

Birth Direct: -0.98 Weaning Direct: 118

Weaning Maternal: 9.00

Alhoewel die Vleissentraal Bulgroeitoets-klas vanjaar nie fisies sal plaasvind nie, sal daar steeds erkenning gegee word aan die telers vir hul uitsonderlike prestasies.

Ons wil graag ons hartlike gelukwense oordra aan **J.S. van Dyk** met sy bul **FD230016**, wat hierdie klas sal verteenwoordig. Hierdie bul sal sy toekenning ontvang tydens die SA Stamboek Elite-funksie in April.

Mag hierdie erkenning 'n verdere bevestiging wees van toegewyde teelwerk, genetiese uitnemendheid en volgehoue strewe na vooruitgang in die ras.

Baie geluk met hierdie besondere prestasie.

Die SA Stamboek Platinum Koei-toekenning verteenwoordig die hoogste erkenning vir uitnemendheid in stoetbeesteling — 'n simbool van volhoubare genetiese meriete, produksievermoë en rasbevordering.

Dit is vir ons 'n besondere voorreg om aan te kondig dat koei **GR130304** amptelik vir hierdie gesogte toekenning genomineer is. Hierdie nominasie getuig van uitsonderlike teelbestuur, konsekwente prestasie en 'n betekenisvolle bydrae tot die ras se genetiese vooruitgang.

Prestasie-kriteria van GR130304:

- 11 Kalwers
- Gemiddelde Speenindeks: 103
- Koeigewig-indeks: 85
- OEK: 25 maande
- ICPI: 135

Top-geplaasde koei vir algehele doeltreffendheid. Hoë leeftyd-uitset, matige grootte, vroeë rypheid en sterk vrugbaarheid. Verteenwoordig die ideale balans tussen produksie en onderhoud.

Ons spreek ons opregte gelukwense uit aan **Rouxvus** met hierdie besondere prestasie. Mag hierdie mylpaal verdere sukses en erkenning meebring, en mag hierdie nominasie die vrug wees van volgehoue toewyding, visie en uitnemende stoetmanskap.





SA Stamboek Genomiese Diens vir Vleisbeeste

Die BGP2-program se tweede rondte is aan die gang. Maak gebruik van hierdie toetse om die beste uit jou beeste na vore te bring. Die koste hiervoor is R448.00 + BTW. Kontak ons kantoor vir meer inligting: drakensberger@studbook.co.za.

Kontak ons

(+27) 51 410 0974 071 283 9943
drakensberger@studbook.co.za
<https://drakensbergers.co.za/>

Advertensies of menings uitgespreek in die nuus-brief is dié van die skrywers, en nie noodwendig die van die Drakensberger Genootskap nie.

NAMPO 2026

Nampo is net bietjie meer as twee maande weg, en ons is hard aan die werk om ons stalletjie te beplan. Aangesien geen gesplete hoefdiere by Nampo mag wees nie, gaan ons stalletjie heel anders as gewoonlik lyk. Jy kan egter verseker wees dat die hart van die Drakensberggenootskap steeds teenwoordig sal wees.

Ons sien uit om jou op 12 - 15 Mei by Nampo te verwelkom!

Lede wat aangedui het dat hulle diere wil laat keur, sal deur die kantoor gekontak word in sake keuringsdatums. Indien daar enige vrae is, is u welkom om die raadslid in u omgewing te kontak.

Unistel DNA-toetse

Die Genootskap kon 'n spesiale afslag beding met Unistel vir DNA-toetse op profiele en vaderskappe. Die pryse is as volg:

Unistel DNA toetse	Koste per dier vir profiel (BTW ingesl.)
Normale prys vir 2026 < 30	R 282.56
Meer as 30 (-5% afslag)	R 268.43
Meer as 60 (-7.5% afslag)	R 261.36
Meer as 120 (-10% afslag)	R 254.30

Kontak Unistel vir meer inligting, en onthou om die ras aan te dui vir die spesiale afslag om te geld.

Vleisbeesbeoordelingskursus

Die Vleisbeesbeoordelingskursus wat deur die Genootskap aangebied sou word, is voorlopig uitgestel weens die onsekerheid rakende die BKS epidemie. Ons sal meer inligting gee sodra dit beskikbaar is.



VOLG ONS OP YOUTUBE

Op ons YouTube-kanaal sal jy 'n verskeidenheid videos kry met raad en interessante inligting.

Gaan maak 'n draai by <https://www.youtube.com/@drakensbergers/videos>





met Pierre Uys

PWB Uys Boerdery: 'n Erfenis van Toewyding, Landbou en Lewenslange Passie

My naam is Pierre Uys, en ek is deel van die sesde generasie van die Uys-familie wat met trots boer op Gryshoek, 'n plaas wat diep gewortel is in die landbougeskiedenis van die Hoëveld. Saam met my pa, Johan Uys, my oom Pikkie Uys en my broer Lourens Uys, bestuur ons PWB Uys Boerdery – 'n onderneming wat in sy oorsprong terugdateer na my oupa Pierre Uys, en nog verder na die pionierskap van my voorouers binne hierdie streek. Vanaf Swart Dirk Uys as die eerste geslag wat hom hier gevestig het, gevolg deur Coenraad Uys (tweede geslag) en Nelsie en Joey Uys (derde geslag), was daar 'n onafgebroke liefde vir die land en vee waarmee ons vandag steeds boer. Ek en my broer is trots om hierdie nalatenskap voort te sit as die sesde generasie op die plaas.

Ons boerdery is geleë in die Hoëveld-streek, met grond in die Wakkerstroom, Volksrust en Dirkiesdorp distrik, 'n omgewing wat bekend is vir sy ryk grasvelde en geskiktheid vir veeboerdery. Hierdie streek vorm nie net die hart van ons landboubedrywighede nie, maar ook die grondslag van 'n familie-tradisie wat oor dekades ontwikkel het.

Die verhaal van hoe ons begin boer het, is verweef met die geskiedenis van die Drakensberger-beesras self. Die oorsprong van hierdie inheemse Suid-Afrikaanse beesras gaan terug na die Vaderlander-beeste, wat gebruik is deur voortrekkers tydens die Groot Trek en later geteel is in die Wakkerstroom- en Utrecht-gebiede, onder leiding van Dirk Cornelius Uys (bekend as Swart Dirk Uys). Deur streng se-




leksie binne geslote kuddes het Swart Dirk en later sy seun Coenraad en sy skoonseun Joey Uys 'n kenmerkende groep beeste ontwikkel wat later as Uys-beeste bekend gestaan het. Hierdie beeste is uiteindelik erken en geïntegreer in wat vandag die erkende Drakensberger-beesras is, 'n ras wat in 1947 formeel gevestig is deur die Drakensberger Cattle Breeders' Society.

Die Drakensberger-beesras is uniek in sy geskiedenis en eienskappe: dit is 'n medium- tot grootraam, swartbeesras wat oor baie generasies aangepas het by Suid-Afrika se uiteenlopende omgewings, van die bergagtige Drakensberge tot die Hoëveld se grasvelde. Hierdie ras is bekend vir sy gehardheid, gevorderde aanpassingsvermoë, rustige temperament en om beide vleis en melk effektief te produseer onder wisselende landboustoestande.

My eie betrokkenheid by die plaas het in einde 2022 begin toe ek en my broer formeel by die boerdery aangesluit het. Ek het eers my studies voltooi aan die Universiteit van Potchefstroom (2019–2021), terwyl Lourens landbou-ervaring in Amerika opgedoen het voordat hy teruggekeer het plaas toe. Sedert ons terugkeer het ons ons rolle verdeel: ek fokus saam met my oom op die vee-afdeling, terwyl Lourens saam met my pa by die saaiery betrokke is.

Benewens ons Drakensberger-beesafdeling, boer ons ook met Merino-skape wat deel vorm van ons uitgebreide vee vertakking, en ons het 'n sterk saai afdeling wat bestaan uit mielies en soja-bone. Hierdie diverse benadering help om die veerkragtigheid en volhoubaarheid van ons boerdery te verseker.

Wat my persoonlik die meeste vervul, is die vryheid van plaaslewe — die daaglikse interaksie met diere, die wonder van nuwe lewe, en die geleentheid om elke dag die skoonheid van God se skepping raak te sien. Daar is 'n diep gevoel van trots om deel te wees van 'n familie-erfenis wat soveel generasies terug strek, veral met betrekking tot die ontwikkeling en voortbestaan van die Drakensberger-ras. Ek voel 'n groot opgewondenheid oor die verantwoordelikheid wat ek dra om hierdie nalatenskap nie net te behou nie, maar ook te bou vir die toekoms, met die hoop om hierdie erfenis eendag aan my eie kinders oor te dra. Ek is trots om 'n Uys te wees — deel van 'n groot geskiedenis, en toegewyd aan die volhoubare en liefdevolle boerderypraktyke wat ons familie se naam dra.



EFFEK VAN HITTESTRES OP SES BEESRASSE IN DIE ZASTRON-DISTRIK:

Die betekenis van ras, haarkleur en haartipe

L.A. Foster¹, P.J. Fourie^{1#} en F.W.C. Naser²

¹ Departement Landbou, Sentrale Universiteit van Tegnologie, Vrystaat, Privaatsak X20539, Bloemfontein, Suid-Afrika

² Departement van Diere-, Natuurlewe- en Graslandwetenskappe, Universiteit van die Vrystaat, Posbus 339, Bloemfontein, Suid-Afrika

INLEIDING

Daar is waarskynlik geen ander landbousektor waar daar so 'n groot verskeidenheid menings en perspektiewe bestaan as in die beesvleisbedryf in Suid-Afrika nie – hetsy op die vlak van die boer of produsent, of op die vlak van die dierewetenskaplike. Hierdie verskille handel dikwels oor ras, produksiestelsels, teling, byvoeding, bestuur, bemarking en allerlei ander sentimentele oorwegings (Mentz, 2002). Een van die belangrikste redes vir hierdie meningsverskille kan wees dat daar hopeloos te veel aannames en filosofieë bestaan sonder konkrete bewyse (Mentz, 2002). 'n Bydraende faktor is dat rasstandaarde waarop rasverbetering hoofsaaklik gebaseer is, nie noodwendig op biologiese waardes gegrond is nie; dit is deels sintetiese konstruksie wat 'n wetenskaplike grondslag ontbeer (Bonsma, 1983).

Die aanhou van vee wat in harmonie is met die omgewing waarin hulle gehou word, lei tot maksimale benutting van natuurlike hulpbronne. Daar is 'n noue verband tussen 'n dier se fisiologiese reaksie (soos liggaamstemperatuur, asemhalingstempo en polsslag) en produktiwiteit. Omgewingstemperatuur is van kardinale belang om te bepaal watter tipe dier in 'n spesifieke streek aangehou kan word (Finch, 1986). Die effek van hitte op liggaamstemperatuur word nie net deur klimaat bepaal nie, maar ook deur die beskikbaarheid van voer en water. Hoe verder 'n dier van sy voorkeur-liggaamstemperatuur af beweeg, hoe nadeliger word temperatuur vir produktiewe prosesse. Selfs klein stygings in kernliggaamstemperatuur het ingrypende effekte op weefsels en neuro-endokriene funksies, wat op hul beurt vrugbaarheid, groei, laktasie en

werkvermoë verminder (Finch, 1986).

Die interaksie tussen Genotipe en Omgewing (G x E) impliseer dat die effek van die omgewing op verskillende genotipes nie dieselfde is nie. Dit dui daarop dat daar geen universeel "beste" genotipe is nie – die "beste" genotipe sal van een omgewing na 'n ander verskil en sal afhang van die heersende omgewingstoestande (Verscoe & Frisch, 1990).

Vir die boer beteken G x E dat daardie spesifieke ras gebruik moet word wat die mees produktief in sy omgewing is. Vir die wetenskaplike bied dit die uitdaging om te bepaal of genetiese of omgewingsveranderinge die mees doeltreffende roetes is waardeur produktiwiteit verbeter kan word. G x E is meer betekenisvol in ekstensiewe produksiestelsels aangesien omgewingsveranderlikes soos voeding, parasiete, siektes en klimaattoestande nie noukeurig beheer kan word nie (Verscoe & Frisch, 1990).



EFFEK VAN HITTESTRES OP SES BEESRASSE IN DIE ZASTRON-DISTRIK: *Die betekenis van ras, haarkleur en haartipe*

Stres, in sy fisiese sin, kan nie maklik in 'n biologiese sisteem gemeet word nie, maar sekere uitings van stres, soos veranderinge in liggaamstemperatuur, harttempo en asemhaling, kan gemeet word omdat die dier funksioneel reageer om homeostase te handhaaf (Du Preez, 2000).

Rasspesifieke aanpassingskenmerke kan van uiterste belang wees vir die korrekte seleksie van beeste vir spesifieke omgewings. Enige aandag aan hittetoleransie by beeste behoort egter ook haarkleur in te sluit. Kleur is 'n eienskap wat die impak van sonstraling beïnvloed en die mate van hittebelasting op diere bepaal. Haarkleur kan nie in isolasie bestuur word nie; net so belangrik is die haartipe en die interaksie daarvan met kleur. Struktuur beïnvloed die penetrasie van straling in die pels en die plek van absorpsie binne die pels (Finch et al., 1984).

Die huidige navorsing is 'n poging om ras, haarkleur, haartipe en liggaamstemperatuur (rektale temperatuur) by Afrikaner-, Bonsmara-, Braford-, Charolais-, Drakensberger- en Simmentalerverse te beskryf en te evalueer, met die doel om vrae oor hierdie rasse se aanpasbaarheid by omgewingstemperatuur te beantwoord.

MATERIALE EN METODIEK

Alle eksperimentele prosedures is uitgevoer op die plaas "Quaggafontein", suid van Zastron, in die suidoostelike Vrystaat, Suid-Afrika. Diere is ekstensief op die natuurlike weiding wat in die streek voorkom, aangehou. Tien verse van die Afrikaner-, Bonsmara ($\frac{5}{8}$ Afrikaner, $\frac{3}{8}$ Brits), Braford ($\frac{5}{8}$ Hereford, $\frac{3}{8}$ Brahman), Charolais-, Drakensberger- en Simmentaler-rasse, almal tussen sewe en nege maande oud, is gedurende Julie 2007 op die plaas ingebring. Diere is uit dieselfde gebied verkry waar die studie uitgevoer is om die effek van aanpassing te minimaliseer. Slegs diere van stoettelers is gekies om die rasse-eienskappe van elke dier te verseker.

Haarkleur is in agt verskillende kleurgroepe verdeel volgens absorpsietempo's. Die groepe het gewissel van wit (telling 0), grys (2), geelbruin (4), ligrooi (6), rooi (8), donkerrooi (10), bruin (12), donkerbruin (14) tot swart (16). Haarkleur is in Augustus 2007 (winter) en weer in Desember 2007 (somer) beoordeel.

Die volgende is 'n algemene beskrywing van die puntstelsel wat gebruik is om die haarkleur te beskryf (Turner & Schleger, 1960): uiters kort (telling 1), baie kort (2), redelik kort (3), redelik lank (4), lank (5), wollerig (6), baie wollerig (7). Haarkleur beoordeling is een keer in die winter en vier keer in die somer gedoen as gevolg van rasverskille in die verhaarproses. Die Bonsmara- en Simmentalerverse moes in Februarie 2008 uit die studie onttrek word weens botsende teelprogramme.

Liggaamstemperatuur (rektale temperatuur) van dieselfde tien verse van elke ras wat hittedspanning ervaar het gedurende Desember 2007 en Januarie 2008 (THI > 70, 10-dae-periode) is gemeet. 'n Bykomende sewe metings is gedurende Februarie 2008 op die Afrikaner-, Braford-, Charolais- en Drakensbergervse geneem. Op dae wanneer data aangeteken is, is diere om 13:00 bymekaargemaak en in 'n kraal geplaas. Die meting van rektale temperatuur het om 14:00 begin.

RESULTATE EN BESPREKING

Daar is bevind dat haarkleur 'n funksie van ras was en gevolglik is die parameter ras, eerder as haarkleur, gebruik tydens data-analise.

Die resultate van die studie toon dat hoogs betekenisvolle verskille in pels-tellings tussen rasse gevind is. Haarkleur-tellings is deur seisoen beïnvloed aangesien die gemiddelde haarkleur-tellings van Augustus tot Februarie afgeneem het. Die Afrikaner het die laagste haarkleur-telling op die 1ste, 3de, 4de en 5de monsternemingsdae gehad, en die Charolais die hoogste haarkleur-telling deur die verloop van die studie. Bonsma



EFFEK VAN HITTESTRES OP SES BEESRASSE IN DIE ZASTRON-DISTRIK: *Die betekenis van ras, haarkleur en haartipe*

beklemtoon herhaaldelik die belangrikheid van haartipe in aanpassing (Bonsma, 1983). Turner & Schleger (1960) dui die potensiele waarde van haarkleed-kenmerke aan by die seleksie van tropiese vleisbeeste. Hulle kom egter tot die gevolgtrekking dat 'n gladde haarkleed moontlik groter betekenis kan hê as aanduiding van metaboliese doeltreffendheid of van 'n vermoë om gunstig op stres te reageer.

Table 1 *Least-squares breed means ($\pm$ s.e.) for coat score (CS), 1 being extremely short and 7 very woolly*

Parameter	Month	Afrikaner (n = 10)	Bonsmara (n = 10)	Braford (n = 10)	Charolais (n = 10)	Drakensberger (n = 10)	Simmentaler (n = 10)
CS 1	August	3.6 ^a $\pm$ 0.16	4.3 ^b $\pm$ 0.15	4.8 ^b $\pm$ 0.13	6.4 ^c $\pm$ 0.16	4.7 ^b $\pm$ 0.15	6.2 ^c $\pm$ 0.13
CS 2	December	3.2 ^{ab} $\pm$ 0.20	2.8 ^a $\pm$ 0.20	3.0 ^a $\pm$ 0.26	4.0 ^b $\pm$ 0.21	3.5 ^{ab} $\pm$ 0.27	3.5 ^{ab} $\pm$ 0.22
CS 3	January	1.7 ^a $\pm$ 0.15	1.9 ^a $\pm$ 0.18	2.7 ^{bc} $\pm$ 0.21	3.6 ^d $\pm$ 0.16	2.2 ^{ab} $\pm$ 0.13	3.1 ^{cd} $\pm$ 0.10
CS 4	February	1.3 ^a $\pm$ 0.15	-	2.5 ^b $\pm$ 0.17	3.4 ^c $\pm$ 0.16	1.7 ^a $\pm$ 0.15	-
CS 5	March	1.1 ^a $\pm$ 0.10	-	2.5 ^b $\pm$ 0.17	4.0 ^c $\pm$ 0.26	1.8 ^d $\pm$ 0.13	-

¹ Gemiddeldes in dieselfde ry met verskillende superskrifte verskil betekenisvol by $P < 0.0001$, met die uitsondering van die tweede monsternemingsdag (CS2) waar die betekenisvolle verskil in CS tussen rasse $P < 0.01$ was.

Hoogs betekenisvolle verskille ($P < 0.01$) in rektale temperature tussen rasse is gemeet soos in Tabel 2 geïllustreer. Geen betekenisvolle verskil in Tre is gemeet tussen die Afrikaner-, Bonsmara-, Braford- en Drakensbergervse nie, asook tussen die Charolais- en Simmentalervse. Die rektale temperature van die Charolais- en Simmentalervse het egter betekenisvol ($P < 0.01$) verskil van dié van die Afrikaner-, Bonsmara-, Braford- en Drakensbergervse.



Table 2 Least squares breed means¹ and (s.e) of rectal temperatures (T_{re}) in summer

Parameter	Afrikaner (n = 10)	Bonsmara (n = 10)	Braford (n = 10)	Charolais (n = 10)	Drakensberger (n = 10)	Simmentaler (n = 10)
$T_{re\ 1}$	39.45 ± 0.18	39.39 ± 0.07	39.50 ± 0.17	39.60 ± 0.06	39.43 ± 0.09	39.40 ± 0.07
$T_{re\ 2}$	39.43 ± 0.20	39.34 ± 0.05	39.53 ± 0.21	39.44 ± 0.06	39.37 ± 0.09	39.59 ± 0.15
$T_{re\ 3}$	39.26 ± 0.09	39.23 ± 0.04	39.40 ± 0.15	39.56 ± 0.12	39.38 ± 0.17	39.59 ± 0.14
$T_{re\ 4}$	39.18 ^a ± 0.08	39.20 ^a ± 0.06	39.38 ^{ab} ± 0.13	39.74 ^b ± 0.18	39.26 ^a ± 0.04	39.54 ^{ab} ± 0.08
$T_{re\ 5}$	39.22 ^a ± 0.09	39.52 ^{ab} ± 0.14	39.57 ^{ab} ± 0.19	39.81 ^b ± 0.04	39.56 ^{ab} ± 0.06	39.72 ^b ± 0.09
$T_{re\ 6}$	38.88 ^a ± 0.14	39.01 ^{ab} ± 0.05	38.95 ^{ab} ± 0.05	39.30 ^b ± 0.10	38.95 ^{ab} ± 0.07	39.26 ^b ± 0.06
$T_{re\ 7}$	38.79 ^a ± 0.58	38.93 ^{ab} ± 0.05	38.85 ^a ± 0.05	39.25 ^c ± 0.04	38.85 ^a ± 0.06	39.11 ^{bc} ± 0.07
$T_{re\ 8}$	38.91 ^a ± 0.04	39.00 ^{abc} ± 0.05	38.99 ^{ab} ± 0.10	39.21 ^{bc} ± 0.03	38.90 ^a ± 0.07	39.26 ^c ± 0.07
$T_{re\ 9}$	39.06 ^a ± 0.05	39.07 ^a ± 0.05	38.96 ^a ± 0.06	39.37 ^b ± 0.05	39.13 ^{ab} ± 0.06	39.36 ^b ± 0.08
$T_{re\ 10}$	39.31 ^{ab} ± 0.08	39.51 ^{ab} ± 0.15	39.17 ^a ± 0.06	39.74 ^b ± 0.13	39.34 ^{ab} ± 0.11	39.56 ^{ab} ± 0.07
$T_{re\ 11}$	39.18 ^a ± 0.09	-	39.16 ^a ± 0.07	39.47 ^b ± 0.04	39.20 ^a ± 0.03	-
$T_{re\ 12}$	39.03 ^a ± 0.05	-	38.97 ^a ± 0.05	39.41 ^b ± 0.05	39.04 ^a ± 0.05	-
$T_{re\ 13}$	39.08 ^a ± 0.04	-	39.09 ^a ± 0.07	39.56 ^b ± 0.06	39.09 ^a ± 0.04	-
$T_{re\ 14}$	39.11 ^a ± 0.06	-	39.05 ^a ± 0.07	39.72 ^b ± 0.08	38.98 ^a ± 0.05	-
$T_{re\ 15}$	39.11 ^a ± 0.05	-	38.95 ^a ± 0.06	39.55 ^b ± 0.06	39.04 ^a ± 0.07	-
$T_{re\ 16}$	38.96 ± 0.13	-	39.35 ± 0.23	39.60 ± 0.25	39.03 ± 0.10	-
$T_{re\ 17}$	39.00 ^{ab} ± 0.10	-	38.83 ^a ± 0.06	39.21 ^b ± 0.05	38.97 ^{ab} ± 0.15	-

¹ Gemiddeldes in dieselfde ry met verskillende superskrifte verskil betekenisvol by $P < 0.01$.

VERWYSINGS

- Bonsma, J.C., 1983. Man Must Measure. Applied Genetics Publishing Inc. Cody, Wyoming, USA.
- Dowling, D.F., 1956. An experimental study of heat tolerance of cattle. Aust. J. Agric. Res. 7, 469-483.
- Du Preez, J.H., 2000. Parameters for the determination and evaluation of heat stress in dairy cattle in South Africa. Onderstepoort J. Vet. Res. 67, 263-271.
- Finch, V.A., 1986. Body temperature in beef cattle: It's control and relevance to production in the tropics. J. Anim. Sci. 62, 531-542.
- Finch, V.A., Bennet, I.L. & Holmes, C.R., 1984. Coat colour: effect on thermal balance, behaviour and growth, and relationship with coat type. J. Agric. Sci., Camb. 102, 141-147.
- Livestock Conservation Institute, 1970. Information release. Patterns of transit losses. Omaha, Neb: Livestock Conservation. Inc.
- Mentz, A., 2002. Perspektiewe oor Beesboerdery in Suider-Afrika. Waarhede of Leuens?, Highveld Herald. Ermelo, pp.1-7.
- Tulloh, N.M., 1961. Variations in the skin and skin-fold thickness of beef cattle [Online]. CSIRO Publishing: <http://www.publish.csiro.au/paper>
- Turner, H.G. & Schleger, A.V., 1960. The significance of coat type in cattle. Aust. J. Agric. Res. 11, 645-663.
- Verscoe, J.E. & Frisch, J.E., 1990. Genotype and environment interaction with particular reference to cattle in the tropics. Fifth AAAP, Taipei, HL-19, 2, 185-210.

GEVOLGTREKKINGS

Uit die resultate van hierdie studie is dit duidelik dat ras die enigste gemete parameter was wat rektale temperatuur en dus hittedoleransie by al die diere beïnvloed het. Die volgende faktore het 'n betekenisvolle invloed ($P < 0.05$) op die rektale temperatuur in die volgende rasse gehad: Afrikaner – huiddikte; Bonsmara – huiddikte; Charolais – haarkleed-telling. Dit wil voorkom asof die Charolais- en Simmentalerverse meer geneig sou wees om onder hittedruk te ly, aangesien hierdie rasse op warm dae verhoogde rektale temperature getoon het in vergelyking met die ander rasse.



Nasionale Veiling & Jaarvergadering

Die Genootskap het besluit om voorlopig die Nasionale Veiling van 2026 te kanselleer as gevolg van die BKS-situasie. Sodra daar meer duidelik oor die land se situasie is, sal ons inligting deurgee. Die Jaarvergadering kan moontlik steeds plaasvind, en dan miskien in kombinasie met 'n praktiese evaluasie dag. Ook hierby sal ons die inligting so gou moontlik deurgee.





Boer vooruit in Maart



3 Maart
Herlewingslandbou
(Reitz)



HERLEWINGS-
LANDBOUKONFERENSIES
Landbou weekblad weekliks .com 2026



OORLEEF JY OF FLOREER JY?
REITZ-SKOUTERREIN
3 & 4 MAART 2026

Voerkraalkontaknommers

Hier is 'n lys van raadslede, suksesvolle telers en verkopers van Drakensberger speenkalwers en voerkraalaankopers. Kontak enige van hierdie persone vir raad of 'n tweede mening of prys.

NAASTE DORP / STREEK	DRAKENSBERGER BOER / RAADSLID	VOERKRAAL AANKOPER / AGENT
VRYSTAAT		
Brandfort	Fanie van Dyk (Raadslid) 082 774 4952	Johan Botha - 082 856 4409 - Karan
Vrede	Rodney Neuman	Arend Munnick - 071 540 9913 - Verskeie voerkrale
Ficksburg	Henk Delport (Raadslid) 083 300 1131	Thys Fourie - 083 225 4146 -Beefmaster
Welkom	Christo Nel	Jan du Toit - 082 555 4221 - Bemarker
Kroonstad	Gawie Roux	Michael Bezuidenhout - 073 370 7291
Harrismith	Jakob Tsabalala 083 974 9706	
Koppies		Pierre Boutser - 082 499 7997
Bethlehem		Dano van Zyl - 083 385 8285 - Vleissentraal bemarker
MPUMALANGA		
Volksrust	Pikkie Uys (Raadslid) 082 857 5022	Arnold Durr - 082 902 3916 - Karan
Ermelo/Middelburg	Petrus Taljaard (Raadslid) 082 493 4137	Hein - 076 862 0797 - Aankoper Karan David Harris 082 573 7979 - Aankoper Rockdale Industrial (Pty) Ltd

NAASTE DORP / STREEK	DRAKENSBERGER BOER / RAADSLID	VOERKRAAL AANKOPER / AGENT
MPUMALANGA (vervolg)		
Amersfoort		Sakkie Fourie - 082 802 2125 - Verskeie voerkrale
Standerton		Pieter Swanepoel - 083 440 1423 - Chalmar en ander Carel Davel - 082 331 1811 - BKB PM Swart - 083 948 3345 - OVK Gert du Preez - 082 449 5263
KWAZULU-NATAL		
Luneburg	Udo Beneke (Raadslid) 082 797 8088	
NAMIBIË		
Aroab	Gerrit Maritz	
Gobabis		Piet de Wit, +264 81 128 9716 - Beefmaster bemarker
NOORD-KAAP		
Klerksdorp/Tosca	Johann Fourie (Raadslid) 082 772 7716	
Kuruman	Bossie Rens	
Kuruman	Werner Vermeulen	Freddie Markam - 082 920 8893 - Karan Beef, Kuruman
Danielskuil	Franco Joubert	
Deben	Werner Vermeulen	
Zeerust		Coenraad Boshoff - 078 950 5876



Voerkraalkontaknommers

(vervolg)

NAASTE DORP / STREEK	DRAKENSBERGER BOER / RAADSLID	VOERKRAAL AANKOPER / AGENT
NOORDWES		
Potchefstroom	Willie Landman (Raadslid) 083 257 8511	
Louwna	Stuart Collen	
GAUTENG		
Potchefstroom	Jean vd Merwe (Raadslid) 082 719 7521	
Derby	Charlie van Schalkwyk	Barco van Niekerk - 072 384 9057 - Aankoper & afslaer Theo Coetzee - 082 600 8374
KAROO / SUID-VRYSTAAT EN OOS-KAAP		
Zastron	Liesel Foster (Raadslid) 082 373 2427	
Suid-Vrystaat & Oos-Kaap		Pieter Klopper - 082 807 3752 - Karan Beef Kobus Barnard - 084 202 5205 - Pedriam Trust Blaine Dormehl - 081 889 9486 - Vleissentraal

Indien jy terugvoer het oor goeie prys, raad of goeie aankopers, kontak ons gerus om die name hier by te voeg, ten einde ons medeboere toe te rus met die regte raad en kontakte.



STAMBOEK *nooi* *jou* UIT NA



**Vleisbees BLUP &
LOGIX Kursus**

 25-26 Maart 2026
 SASB Raadsaal, Bloemfontein

R2 875 / persoon

Vir meer inligting & besprekings besoek:
www.logixshop.co.za



SA STAMBOEK
STUD BOOK

PLATINUM



GOUD



SILWER



BRONS



**BAIE DANKIE
AAN AL ONS
BORGE!**



BLACK FOX **BF**

KLERKSDORP

Dr Johann Fourie 082 772 7716
johannfourie1964@gmail.com

BLACK HILLS **BH**

POTCHEFSTROOM

Willie Landman 083 257 8511
willie@blackhills.co.za

Jean van der Merwe
082 719 7521

jean@blackhills.co.za

BLOUBOSPUT **FK**

KOOPMANSFONTEIN

Francois Weideman
082 948 2161

bloubosput@gmail.com

BLYDE **DBB**

SOUTHDOWNS ESTATE

Ingrid de Bruyn 082 415 2477
elivdm@mweb.co.za

BOLLIE **SS**

PAULPIETERSBURG

Johann Schütte 083 676 0500
waldheim@skyafrica.co.za

Ruben Schütte 084 511 6879
rubenjschutte@gmail.com

BONHEIM **BO**

VLAADRIF

Nelmarie van Staden
082 466 4868

bonheim.drakensberger@gmail.com

BRAKENJAN **FD**

BRANDFORT

Fanie van Dyk 082 774 4952
js.vandyk@mweb.co.za

BUFFALO VALLEY **BV**

CAROLINA

Lee Roos 082 809 7941
buffalovalley@skyafrica.co.za
johnjroos@gmail.com

CALELA **JJ**

ERMELO

Jannie Jacobsz 082 820 4706
calelaj@vodamail.co.za

CETONA **C**

KLERKSDORP

PJ Pienaar 079 877 5228
pjpienaar000@gmail.com

DELRAM **D**

FICKSBURG

Henk Delpert
079 612 5995 (Kantoor)
delram.h@outlook.com
delram.s@outlook.com

DRAKENKRAAL **DK**

PARYS

Wesley Abourizk 0824950574
wesley@ssendra.co.za
jptheunissen@ssendra.co.za

DRIE D **XWX**

BARKLY-OOS

Skillie du Randt 082 771 0716
sdurandt@vodamail.co.za

D'HOFSTEE **AAD**

HEIDELBERG

Jan & Elna Dhooge 082 892 5762
jandhooge67@gmail.com

FERAX **RG**

BROOKLYN PLEIN

Gerrit Grobler 082 784 1501
gerritgrob@law.co.za

FRELON **F**

VREDE

Leonard Neuman 072 535 0197
rodney@neumandrakensbergers.co.za

GRASMUNT **CL**

BRANDFORT

Carel Nel 082 828 1984
carelnel02@gmail.com

GROENVLEI DRAKENSBERGER

STOET **G**

PRETORIA

Werner Krynauw 071 607 1086
werner.j.krynauw@gmail.com

GRYSHOEK **PU**

VOLKSRUST

Pikkie Uys 082 857 5022
identity.redken@gmail.com
laansuys@gmail.com

GUNNER DRAKENSBERGERS

LEANDRA

Xander Gunter 071 510 8076
iti06689@mweb.co.za

HAASKRAAL **VN**

RICHMOND

Van Zyl Naudé 082 664 3466
haaskraal@vodamail.co.za

HANSEL **HAS**

PAULPIETERSBURG

Dr Hans Schütte 082 419 0226
hanselna@lantic.net

HENDRIK HANCKE **HP**

BETHAL

Hendrik Hancke 073 135 8753
hphancke1@gmail.com

HORMAN DRAKENSBERGERS

CH

BETHAL

Carl Hancke 083 384 6771
hancke.ch1@gmail.com

HUGHDALE **SL**

NOUPOORT

SP van der Walt 063 775 5662
sp@lcom.co.za

HYMGERT **HN**

VREDE

Rodney Neuman 082 746 8142
rodney@neumandrakensbergers.co.za



INFRACOR IR

PRETORIA

Derick Orsmond 083 273 6432
derick@infracor.co.za**JESUMAR LL**

DEWETSDORP

Freddie Wasserfall 082 556 4452
wasserfallfreddie@gmail.com
Neels Wilken 083 638 2152
elmien.wilken@gmail.com**M & M BOERDERY MM**

BETHAL

MJ van Vreden 082 838 1858
mj@mmboerdery.co.za**MAMBANE BJ**

VREDE

Louis Botha 082 825 2431
bothaboerdery04@gmail.com**MOBAZA BZ**

CENTURION

Monja Esterhuizen 084 580 5808
info@mobaza.co.za
monjaest@gmail.com**NADAU JR**

HANOVER

Johannes Retief 082 385 1821
johannesretief1@gmail.com**NEBA NB**

VERKYKERSKOP

Bertus Nel 061 114 6492
bruwershoek@gmail.com**NEUSBERG DRAKENSBERGERS****NBD**

MIDDELBURG

Clift Frewen 079 015 1010
neusberg@neusbergkaroo.co.za**NITIQUE NY**

HANOVER

Grant Naude 076 700 3855
kriegerspoort@nitique.co.za
tamarynnaude@gmail.com**PALMIETFONTEIN JP**

BETHAL

JP Louw 060 966 8108
jplouw07@gmail.com**PATRYSVLUG PV**

EXCELSIOR

Jan-Louis Wessels 083 251 6294
patrysvlugtkantoor@gmail.com**QUAGGAFONTEIN QH**

ZASTRON

Dr Liesel Foster 082 373 2427
t/a FOSTERS FIELD PTY (LTYD)
fosterliesel@gmail.com**RAKA JDE**

CRADOCK

Frans & Jan Erasmus
083 488 5511 jde009@gmail.com
fnerasmus@gmail.com**RIETKOL R**

KRUGERSDORP

Piet J De Villiers 073 143 3985
pietvilliers@gmail.com**ROUVUS GR**

VENTERSBURG

Gawie & Frik Roux 083 264 5487
gawiedrakensberger@gmail.com
FR0834551264@outlook.com**SABRIELIE JE**

BLOEMFONTEIN

Elsabé Deacon 076 812 6113
elsabedeacon@gmail.com
Lambert Jacobs 073 620 2930
lambertvharts@gmail.com**SALOME NW**

VOLKSRUST

Willie Watermeyer
073 640 6151
Carl Watermeyer 083 458 1204
willie.watermeyer@gmail.com**SAMBESI SK**

KLERKSDORP

Dr Sampie Smith 082 940 9283
sampie.smith@yahoo.com**SSENDRA TD**

KOPPIES

JP Theunissen 079 417 2639
jpthunissen@ssendra.co.za
wesley@ssendra.co.za**TALMAN T**

ERMELO

Petrus Taljaard 082 493 4137
talmanpt@gmail.com
emmerencia.taljaard2@gmail.com**Stoettelers**

(vervolg)

TURFKUIL MF

BULTFONTEIN

Frannie du Toit 072 355 7601
turfkuildutoit@gmail.com**VAN DYK DRAKENSBERGERS****VD**

MIDDELBURG

Andre van Dyk 072 562 7567
avdboerdery10@gmail.com**VERLAND VL**

AROAB, NAMIBIË

Gerhard Maritz 081 300 6368
sgmaritz@africaonline.com.na
sgmaritz@iway.na**WALDBERG U**

LUNEBURG

Udo Beneke 082 797 8088
waldbergdrakensbergers@gmail.com**BLY OP HOOGTE**Bly op hoogte van al die
Drakensbergernuus – word deel
van ons kommunikasiekanaal:

Stuur 'n WhatsApp na:

<https://wa.me/message/MFAU-MIBMHBIBB1>

OF Telegram:

<https://t.me/DrakensbergerSA>**BEES-BULLETIN 16**

Maart 2026



ProAgri

Jou vennoot in veilingsbemarking

Alles onder één dak:



Katalogusse – druk & digitaal

Video's – lot & promosie

Foto-skoonmaak – professionele beelde

Ontwerp – advertensies, logo's, pamflette

Sosiale /digitale dekking – Facebook, WhatsApp & Aanlyn artikles

Uitnodigingsvideo's – laat jou veiling uitstaan



Waarom ProAgri?



Ons verstaan die
landbou en veilingsbedryf



Treffende bemarking vir maksimum
blootstelling van jou veiling



Professioneel, vinnig en doelgerig

Bianca Pretorius : +27 82 326 2572 | Bianca@proagri.co.za

Tiny Smith : +27 82 698 3353 | Tiny@proagri.co.za

 Agri4all

 PROAGRIMEDIA

Laat ProAgri jou veiling na die volgende vlak neem!